

Word Riders se Weskus-toer roer harte

Die agtste Word Riders-toer, wat vanjaar deur die Weskus loop draai het, was weer eens 'n gesëende gebeurtenis.

'n Groep van 70 mense en 40 motorfietse het 54 skole besoek waar 4 537 Bybels onder graad 7-leerders versprei is.

Die toerlede was van regoor die land: Polokwane, Lichtenburg, Klerksdorp, Potchefstroom, Nylstroom, Nelspruit, Margate, Elliot, Bloemfontein, Port Elizabeth en Kaapstad.

Skole waar daar aangedoen is, was in Touwsrivier, Franschhoek, Tulbagh, Ceres, Darling, Langebaan, Velddrif, St Helenabaai, Clanwilliam en so ver noord as Vredendal en Vanrhynsdorp.

Elke Word Rider het tydens die toer spesiale oomblikke beleef wanneer hulle met die kinders gesels het.

Marius de Kock het een so 'n oomblik met die res van die groep gedeel: "Een van die seuns wat ek vandag gesien het, se naam was Ashwin. Ashwin het my vertel dat hy eendag 'n prokureur wil wees. Nadat ek die Bybels vir elkeen in die groepie uitgedeel het, begin Ashwin Psalm 23, wat agter op die buiteblad van die Bybel gedruk is, hardop lees. 'Ashwin, ken jy hom,' vra ek hom. Hy antwoord, nee, maar sê sy oupa het altyd vir hom gesê, as hy in die moeilikheid is, moet hy Psalm 23 lees. En hier kom meneer nou en gee vir my 'n Bybel met Psalm 23 agterop," vertel Marius.

Toe die motorfietsryers reg maak om die skool te verlaat, het Aswhin weer nader gestaan – die keer met 'n pen. "Ek het vir hom gesê om vandag se datum en sy naam voor in te skryf."

Dit is toe dat die jong seun antwoord: "Ek het nog nooit so 'n groot geskenk gekry nie. Meneer het dit vir my gebring, meneer moet asseblief die datum en meneer se naam daarin skryf."

By 'n ander skool het 'n juffrou vir Bea, Marius se vrou, gesê dat baie van die kinders nie 'n vaderfiguur in die huis het nie.

"Sy was bly dat die seuns kon sien hoe lyk 'n godvresende man. Dat dit net gewone mans is, maar wat nie skaam is om te vertel dat hulle Jesus lief het nie," sê Bea.